

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD
Sondag 22 Julie 2012

Oggenddiens 09:30		Aanddiens 18:00	
Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Skrifberyming 2-2:1	Psalm 48:1	Bl. 243
2.	Psalm 1:1	Bl. 1	Psalm 32:1 & 4
3.	Psalm 4:2 & 4	Bl. 14	Bl. 150
4.	Skrifberyming 1-1:1 & 7		Skrifberyming 12-2:4 & 5

BYBELSTUDIE GROEPE



SONDAG 22 Julie 2012

- 19:00-20:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.

WOENSDAG 25 Julie 2012

- 10:00-11:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.
- 18:00-19:00 in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.

Soms kan die Here ook beproewings gebruik om ons tot volle geestelike rypheid bring. Soms moet ons ore deur lyding heen geopen word. Maar nóóit laat Jesus ons alleen in ons lyding nie. Hy is by uitstek die lydende Kneg van die Here wat ons pyn verstaan, wat saam met ons, en namens ons, daaronder gebuk gaan. Hy het ons lyding tot in sy graf gedra. Hy het opgestaan en belowe dat Hy by ons is, tot aan die einde van die wêreld!

Johan Cilliers



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 22 Julie 2012

Nommer 19

MENSLIKE VERANTWOORDELIKHEID EN GOD SE GENADE

As 'n mens oor die verhouding tussen jou menslike verantwoordelikheid en die inwerking van God se genade praat, mag jy nie die posisie van die Heilige Gees verkeerd verstaan nie. Die mens en die Heilige Gees is nie *twee gelykstaande partye* nie. Hulle is ook nie *konkurrente* of *opponente* of *mededingers* om aandeel in die verlossingswerk nie. Die mens staan met sy wil onder God se wil: God het met sy almag en vrymag die mens met 'n eie wil opgeneem in sy Raad. Die twee lyne van *Goddelike vrymag* en *menslike verantwoordelikheid* ontmoet mekaar. Dit dui op twee kante: 'n *ontvangkant* en 'n *doenkant*.

Wat oor God se *genade*, *ontferming* en *vrymag* gesê kan word, neem niks weg van die verantwoordelikheid van die mens nie.

Die *leiding van die Heilige Gees* gaan nie buite die *verantwoordelikheid van die gelowige* om nie (Hand. 20:22; Hand. 21:4). Die gelowige is by die leiding van die Heilige Gees betrokke, hy verloor nie sy eie verantwoordelikheid nie.

Die vraag kom vanself na vore *watter rol die mens* toekom, wanneer die Gees deur die Woord die geloof in die hart werk. Die vraag is: het die mens daarby 'n eie aktiewe rol? Die volgende teksworde wys op 'n sekere kant van die saak:

- "Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees" (Rom. 4:16).
- "Die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus" (Rom. 3:22).
- "En hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig" (Rom. 3:24).

Dit is genade om die geloof te ontvang (Fil. 1:29). Geloof is die afsien van elke menslike prestasie om voor God te kan bestaan en verlos te word. Geloof is prysgawe van menslike selfversekerdheid in Joodse en heidense sin en die volledige aanvaarding van die gekruisigde en opgestane Christus in Wie die heilsekerheid lê.

(Vervolg op bladsy 7)

2.

SIMBAAL 22 Julie 2012**PREKE VANDAG**

Ds. Andre de Jager

Oggenddiens Tema: **DIE HERE KAN ONS NIE VERGEET NIE****Lees:** Jesaja 49:1-16**Teks:** Jesaja 49:16

Dit is somtyds vir ons moeilik om die werklikheid van God se liefde vir ons regtig te besef en te beleef. Maar in Sy genade gee die Here vir ons die versekering dat Hy ons nie sal vergeet nie. En die bewys – Jesus Christus.

Aanddiens Tema: **CHRISTUS VERGADER SY KERK SODAT HULLE KAN DEEL AAN SY VERLOSSINGSDADE****Lees:** Johannes 10:1-21**Teks:** Johannes 10:14-16

Jesus het gekom om sy kerk, sy gemeente, bymekaar te bring en te beskerm. Met sy Woord en Gees lei Hy ons, loop Hy voor ons uit totdat ons uiteindelik ook saam met Hom kan deel in die heerlijkheid by God.



Geloof wat nie uitgeleef word nie, is van geen waarde in 'n krisis nie. Geloof wat in die krisisuur aangeleer moet word, slaag nie, want angs en geloof kan nie saam gaan nie. Angs verblind, maar geloof maak juis die oë oop ... Geloof leer 'n mens dat alles in die hande van God is, ook die toekoms. En omdat die toekoms in God se hand lê, skep geloof die ruimte vir kalmte.

SIMBAAL 22 Julie 2012

Z.

Waar dit gaan om die **goddelike genade** en die **menslike verantwoordelikheid** is die formulering van groot belang. Dit gaan onder andere om die verhouding tussen *heiliging* en *heil*. Kan die gelowige sê dat hy alleen deur genade gered word? Moet die mens dan nie in 'n mate met die genade meewerk nie? Die begrip *meewerk* is gans te vlak in betekenis om die verhouding in hierdie opsig uit te druk. Deur sy werke voeg die mens niks by tot die genade waarop hy hom in die geloof verlaat nie. Deur die geloof word die uitverkorene in Christus ingelyf en neem al sy weldade aan. Inlyf staan teenoor “weldade aanneem”. As die genade deur die geloof operasioneel word beteken dit dat die genade in die lewe van die gelowige toegepas word. Die genade word benut, van die genade word gebruik gemaak. Die genade word met dankbare gehoorsaamheid in die lewe van die gelowige toegepas. Die mens word in die genade **aktief**.

Sommige sê dat in die lewe van die mens niks van God se genade gesien kan word nie. Verkeerd! As die genade, deur die geloof werksaam word in die lewe van die mens, word dit sigbaar in lewensdade wat by die genade en die geloof pas. Hier moet baie duidelik onderskei word: die mens werk nie **met** die genade nie, maar **in** die genade deur die geloof, want so is die gelowige by Jesus Christus ingelyf, en word die genade sigbaar in die mens se woorde en dade (Jak. 1:19-27; Jak. 2:14-26). Geloof hou in dat die mens *werksaam* sal wees, maar ook dat hy nooit op sy eie werke die grond vir sy verlossing sal sien en in homself roem nie.

Paulus sê dat die mens nie deur werke nie, maar deur die geloof geregverdig word. Hy sê ook dat die mens in die gerig van God na hulle werke geoordeel sal word (Rom. 2:9-11; 1 Kor. 3:13; 1 Kor. 4:5; 2 Kor. 5:10; Gal. 6:7-9). “Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie” (Kol.3:23). Die verhouding tussen **goddelike genade** en **menslike verantwoordelikheid** omskryf Paulus in 1 Korintiërs 3:10-15. As die geloof in hoofsaak waardelose vrugte oplewer, ontvang die mens geen ‘loon’ nie, maar word hy wel self gered, egter met skade en skande; “... elkeen se werk sal aan die lig kom. Die dag wanneer Christus kom, sal dit duidelik word” (1 Kor.3:13).

Paulus maak 'n belangrike onderskeid tussen die natuurlike en die geestelike mens; Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word” (1 Kor.2:14). Dit is die *natuurlike mense* wat die Heilige Gees nie het nie. “Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie” (1 Kor. 2:15). Dit is die *geestelike mense* wat die Heilige Gees het en wel glo. Maar die *geestelike mense* kan ook *vleeslik* wees en optree as onmondiges in Jesus Christus. Hulle moet

volmaaktes word deur die genade van God en die werk van die Heilige Gees. Dit is God se genadewerk in jou as sondaar.

Dr. Nico van der Merwe

6. **SIMBAAL 22 Julie 2012**

BORG - 'N -



Alle lidmate word aangemoedig en opgeroep om vanjaar deel te wees van hierdie grootse aksie. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.

MIKPUNTE:

1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
 2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
 3. Ons eerste mikpunt is dat **elke besoekpunt** (153 besoekpunte) 'n Bybel sal borg. Dit beteken **26 Bybels per maand** (Mei tot Oktober) – 'n bedrag van ten minste **R1352 per maand**.
 4. Ons uiteindelik mikpunt is dat **elke lidmaat een of meer Bybels sal borg**.
 5. U kan u bydrae saam met u maandelikse bydrae voeg of in 'n Bybelverspreidingskoevertjie by die kerk inhandig.
- Met vertroue dat God hierdie aksie ryklik sal seën! SOLI DEO GLORIA.
ABRIE LOTTER

KINDER EN JEUGKONFERENSIE 26-28 SEPTEMBER 2012

Die Fakulteit Teologie bied 'n toerustings konferensie aan vir almal wat met kinders en jeug werk. Verskeie kenners op die gebied van kinder en jeugsorg sal tydens die konferensieoptree. Van die sprekers wat sal optree is: **Prof. Malan Nel, Craig Groome, Dr. Jan Grobbelaar, Marius Storm** Verskeie predikante uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal ook gedurende die konferensie optree. Konferensiegangers sal vir hulle eie **huisvesting** verantwoordelik wees. **Inskrywingsvorme** en verdere detail sal spoedig beskikbaar gestel word. Ons versoek kerkrade om **predikante, kategete** en almal wat met die kinders en jeugwerk in staat te stel om hierdie konferensie by te woon. Alle **Ouers** sal ook baie baat vind by die konferensie

Met dank Prof. dr. Gert Breed (TSP)

SIMBAAL 22 Julie 2012

3.

LIEF EN LEED



- **Alida Buys** het 'n galblaasoperasie gedurende die vakansie ontvang. Ons bid haar sterkte en volle genesing toe.
(Wyk 11 > ☎ - 079-868-8588)
- **Hennie en Sanet Fourie** het 'n kleinkind ryker geword. Baie geluk daarmee. Hulle het ook groot geskrik toe hulle dogter, Henriette, haar motor ongeveer 18 km buite Klerksdorp omgegooi het. Henriette is nie baie ernstig beseer nie. Ons bid die gesin sterkte toe met die beproewing wat op hulle weg gekom het.
(Wyk 16 > ☎ - 082-920-8467)
- **Tannie Erica du Plessis** is gedurende die vakansie oorlede. Sy is od. Charl du Plessis se moeder. Vir hom, dk. Daleen, hulle kinders (dk Konstand en Karin), asook die kleinkinders, bid ons die vertroosting van ons Hemelse Vader toe. (Wyk 10)
- Ons het verneem dat **Carlo Wright** se ouma oorlede is. Aan Carlo en sy familie betuig ons ook ons innige simpatie.
(Wyk 19 > ☎ - 076-423-5364)
- Baie geluk aan **Pierre en Cecile van der Walt** met die prestasies van hulle dogter **Nicola**. Nicola was deel van die SA se karate span in Moskou. Die SA se span van 3 meisies het goud gewen teen Rusland. Nicola het silwer gewen in die individuele gevegte tussen 10 lande. (Wyk 21 > ☎ - 018-462-8486)
- Baie geluk aan **Pieter en Sonyen Steenkamp**. Hulle eerste kleinkind is in London gebore. Ons hoop dat hulle baie vreugde van hierdie kindjie sal ervaar!
(Wyk 02 > ☎ - 018-468-2647)
- Ons bid **Dr Nico en Tersia van der Merwe** en hulle dogter, Rina, die troos van die Here toe. Dr Nico en Tersia se skoonseun is onlangs met terminale kanker gediagnoseer.
(Wyk 08 > ☎ - 018-468-1782)
- Baie sterkte aan **Janneman Botha** wat nog wag op die uitslae oor sy oog. Janneman Botha sê baie dankie vir al die bemoediging wat hy ontvang het terwyl hy behandeling ontvang vir sy oë.
(Wyk 12 > ☎ - 018-468-4930)
- **Surina Grobler** word Dinsdag aan haar skouer geopereer. Mag die Here dit beskik dat die operasie 'n sukses is en dat jy spoedig sal genees.

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
22 Julie	Barmhartigheid	Ekumenisiteit London
29 Julie	Barmhartigheid	Ekumenisiteit Buitelands
05 Augustus	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging
12 Augustus	Barmhartigheid	Susentasië Khuma

GEMEENTEPROGRAM

Sondag 22 Julie tot Saterdag 28 Julie 2012

Sondag 22 Julie	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 22 Julie	Katkisasië Les 16	10:30-11:15
Sondag 22 Julie	Aanddiens	18:00-19:00
Sondag 22 Julie	Bybelstudie in konsistorie	19:00-20:00
Maandag 23 Julie	Beplanningskommissie	18:00
Dinsdag 24 Julie	Klassisvergadering	09:00
Woensdag 25 Julie	Bybelstudie Konsistorie	10:00-11:00

TEESKINKBEURTE

Sondag 22 Julie 2012	Wyke 18 & 19
Sondag 29 Julie 2012	Wyke 20 & 21
Sondag 05 Augustus 2012	Wyke 22 & 23
Sondag 12 Augustus 2012	Geen teeskink - Langnaweek

VERJAARDAE

22 Julie 2012 tot 28 Julie 2012

23 Julie	Hannes Uys	<i>Wyk 18</i>	018-468-1594
23 Julie	Annie Engelbrecht	<i>Wyk 28</i>	084-527-9084
23 Julie	Ané Nieuwoudt	<i>Wyk 19</i>	
25 Julie	Mariana Aucamp	<i>Wyk 15</i>	082-952-7010
27 Julie	Japie Olivier	<i>Wyk 23</i>	083-417-7789
27 Julie	André Kruger	<i>Wyk 05</i>	018-468-3256
27 Julie	Marcelle Kruger	<i>Wyk 04</i>	018-468-3351
27 Julie	Robert Viljoen	<i>Wyk 07</i>	083-409-5055
28 Julie	Jan Louw	<i>Wyk 13</i>	018-431-1637

Van harte geluk met jou verjaardag hierdie week. Die seën van die Here word jou toegebied.


(Wyk 03 ➤

☎ - 082-302-0196)

4

SIMBAAL

22 Julie
2012



SIMBAAL 22 Julie 2012

5.

BEROEPE - GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds. TF Dreyer van Randburg na George.
- Ds. GJ Erasmus van Vryburg na Komatipoort.
- Ds. D Kotzee van Sanveld na Gobabis.
- Ds. WJ Steyn van Andeon/Bergsig na Potchefstroom-Die Bult as medeleraar.

BEROEPE AANVAAR

- Ds. D Kotzee van Sanveld na Gobabis.
- Dr. DF Muller van Buffeldoorns na Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Kerk- en Dogmageskiedenis.
- Ds. WJ Steyn van Andeon/Bergsig na Potchefstroom-Die Bult as medeleraar.

BEROEPE BEDANK

- Ds. ASA de Bruyn van Wilropark na Frankfort.
- Ds. W Jobse van Barkly-Oos/Maclear-Elliot-kombinasie na Ladybrand/Tweespruit-kombinasie.
- Ds. JG Noëth van Kimberley na Aranos/Khomas Hoogland/Namib Kus-kombinasie.

TWEDEHANDSE FIETS

Daar is nie dalk 'n lidmaat wat 'n tweedehandse fiets vir Johannes, die nutsman by die kerk, kan skenk nie. Hy ry elke dag 32 km werk toe en sy fiets is gedaan. Skakel in hierdie verband met Wilna van der Merwe.

(☎ 018-468-2615)



**PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE
NUTSWERK**

*Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en
teëlwerk*

Skakel Corrie Botha 083 429 4824